Tuisverpleging

"Gesondheid is die ding wat ons laat voel dat nou die beste tyd van die jaar is."
- Franklin Pierce Adams

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die tuisversorging van 'n pasiënt .*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die spesialisasie spreek veral Christenskap en burgerskap aan deurdat die Verkenner leer hoe om 'n siek familielid of vriend suksesvol by die huis te kan versorg. Dit is ons Christelike plig om ons naaste lief te hê en te versorg in tye van nood. Die vermoë om iemand te versorg kan ook 'n inkomste vir die Verkenner verseker indien hy na matriek sou besluit om tydelik oorsee te gaan werk. Hier sal die Verkenner dan ook as verteenwoordiger van die Afrikaner en Suid-Afrikaner optree.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Die aanbieder van die spesialisasie moet oor die nodige kennis en vaardighede beskik. • Die naaste kliniek/nooddienste/verpleegpersoneel/geneesheer kan gekontak word vir die aanbieding van die spesialisasie.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die keuse en versorging van die siekekamer.*
2. *Kennis dra van waar pasiënthulpmiddels soos krukke, rystoele, ensovoorts bekom kan word.*
3. *Vertroud wees met die voorkoming en verspreiding van infeksie by wonde.*
4. *Vertroud wees met die voorkoming van druk- en bedsere.*
5. *Bewus wees van veilige en korrekte berging en die toediening van voorgeskrewe medisyne.*
6. *Vertroud wees met die versorging van 'n gesinslid wat 'n aansteeklike siekte, byvoorbeeld geelsug het.*
7. *Vertroud wees met die voorkoming, verspreiding en versorging van heersende pandemies, byvoorbeeld tering, kongokoors, Vigs en 'n bespreking daaroor voer.*
8. *Temperatuur, pols en asemhaling van 'n pasiënt kan monitor.*
9. *Die volgende ten opsigte van pasiëntehulp kan doen:*
   - *9.1 'n Pasiënt in die bed kan was.*
   - *9.2 'n Pasiënt in die bed kan aantrek.*
   - *9.3 'n Pasiënt help om tande te borsel.*
   - *9.4 'n Pasiënt se hare kan versorg.*
   - *9.5 'n Pasiënt van die bed na 'n stoel en weer terug kan oorplaas.*

10. 'n Spyskaart opstel vir pasiënte in die volgende gevalle:
    10.1 Siektetoestand, byvoorbeeld griep, maagaandoening, masels.
    10.2 Na-operatiewe toestand, byvoorbeeld na 'n blindederm- of mangeloperasie.

11. 'n Bed kan oortrek terwyl die pasiënt nog in die bed lê.

12. Vertroud wees met verskillende metodes vir die aanwending van verbande en pleisters en dit ook prakties kan toepas.

13. Vertroud wees met die basiese beginsels van noodhulp in die volgende gevalle:
    13.1 Hartmassering.
    13.2 Kunsmatige asemhaling.
    13.3 Behandeling van skok.
    13.4 Stelping van bloeding.